# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

**WEEKBRIEF 6** **23 FEBRUARIE 2024**

## UIT DIE KANTOOR

In 'n oogwink is die eerste maand en 'n bietjie van skool in 2024 agter die rug. Dit was propvol aksie, gebeurlikhede en hoogtepunte. Ek besef dat 'n mens soms oorweldig word deur die besige skedule van die skool, maar wat 'n voorreg om aan soveel geleenthede blootgestel te word by JF. Ons leef die droom van die visie van ons skool. Om 'n leierskool te wees op die gebied van akademie, sport, kultuur en geheelmensontwikkeling...

Ek glo dat u al die D6 Connect toepassing afgelaai het asook JF se Google calender. Dit gaan u verseker help met die volgende maand se beplannning totdat die skool sluit. 'n Woord van opregte danke aan elke ouer en ondersteuner wat saam met ons droom oor JF en lojaal ondersteun. Vanuit die kantoor is ek terdeë bewus daarvan dat alles nie net maanskyn en rose is nie, derhalwe weer 'n uitnodiging aan elkeen: Wees deel van die oplossings as daar uitdagings oor ons pad kom en onthou dat konflik onafwendbaar is, maar oorlog is opsioneel.

*Wees deel van die oplossings as daar uitdagings oor ons pad kom en onthou dat konflik onafwendbaar is, maar oorlog is opsioneel.*

Die BL-verkiesing van 2024 is in vele opsigte seker die belangrikste verkiesing nog. Met die BELA wetgewing wat soos 'n swaard oor ons koppe hang, doen ek 'n beroep op u as ouers om betrokke te raak. Kennisgewings is reeds per hand aan u uitgestuur en nominasievorms is by die kantoor beskikbaar. Kom stem asseblief op Vrydag 15 Maart 2024 in groot getalle en verseker dat ons kosbare JF behoue bly.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

## BELANGRIKE DATUMS DIE WEEK

*Februarie*

**24** Sportdag: Pres. Steyn

**28** JF's Got Talent

**1** Toetsreeks begin

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik
- www.jf.co.za




Daar word in die akademiese klasse al hoe meer toetse geskryf met die oog op skoolgebaseerde assesseringspunte vir die einde van die jaar. Maak asseblief seker dat u kind goed voorberei vir hierdie toetse. Om huiswerk te kry en dit getrou te doen is onlosmaaklik deel van enige kind se leerproses. Ons het u as ouers nodig om die onderwysers in hierdie proses by te staan en te ondersteun. Leerders wat nie huiswerk doen nie sal strafkaarte ontvang en u as ouers sal in hierdie verband gekontak word. Bly asseblief op hoogte van u kind se huiswerk deur gereeld sy/haar dagboek en die verskillende werkboeke van die vakke na te gaan.

Ons speel dalk hard, maar ons moet harder werk om ook te verseker dat daar nie onaangename verrassings aan die einde van die jaar wag nie. Ek wil ook 'n beroep u doen om nie te wag tot die eerste amptelike oueraand van die jaar nie. Indien u bekommerd is oor u kind se prestasie, kontak sommer dadelik die klas-/vakonderwyser. Die Maart-toetsreeks begin op Maandag 4 Maart 2024

Die eerste skote van die wintersportsoorte klap al reeds, dit terwyl ons met dankbaarheid terugkyk op 'n baie suksesvolle atletiek- en krieketseisoen. Ek besef dat die afgelope twee weke se weersomstandighede uiters uitdagend was, maar dankie aan elke leerder en onderwyser/afrigter wat deurgedruk en hard gewerk het ten spyte van die daaglikse temperature. Ondersteun asseblief die komende weke se sportdae, fondsinsamelingsprojekte vir toere en die Wesgrow-bepalings teen Witteberg en Goudveld.

Hiermee 'n laaste gedagte om hierdie weekbrief mee af te sluit:

*"In die lewe maak dit nie saak,
wie jou seermaak nie
wie jou breek nie
wie jou teleurstel nie*

*wie jou hartseer maak nie
wat saak maak is
wie jou optel as jy geval het
wie jou weer laat lag
wie jou help en wie
vir jou omgee"*

JF-groete
Henri Wilken

# Februarie

**24 Februarie**
Atletiek: Motheo H/S
Nautilus 1
Netbal: FSSI Skeidsregterskursus
**Sportdag: Pres. Steyn**
**26 Februarie**
**Mnr en Mej JF onderhoude**
**Waardeweek: Geloof (JFFJ-leiers)**
**28 Februarie**
**JF-Periode: JFFJ / JFMP**
**JF's Got Talent**
**VRL: Forum**
**29 Februarie**
**Netbal: OMS – netbaldag**
**Alpha**
**JFFJ**




# Maart

**1 Maart**
**Atletiek: (VS) ASA Kampioenskappe**
**Sportdag: Fichardtpark**
**Toetsreeks begin**
**Uit die LOO-kantoor**
**LOO1**
**6 Maart**
**Atletiek: AFS**
Radikale Redenaars: Inskrywings sluit
Radikale Redenaars: Video's
**8 Maart**
Atletiek: FSHSAO
Oppietongaf: Inskrywings
**Rugby: Pa-en-seun-aand**
Skaak: Liga
**8 Maart**
**Gr. 7 JF Opedag**

TOETSROOSTER -

# TOETSROOSTER - MAART 2024

| | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag 4 Maart** | NW-M | SW | LO | RTT | IGO |
| **Dinsdag 5 Maart** | TEGN | AFR - V1 | AFR | IGO | LW |
| **Woensdag 6 Maart** | AFR - V1 | NW-L | RTT | BEST | ENG |
| **Donderdag 7 Maart** | NW-L | LO | IGO | ENG | VBS |
| **Vrydag 8 Maart** | AFR - V2 | NW-M | BEST | AFR | AFR |
| **Maandag 11 Maart** | ENG | EBW | EKON<br>GEO<br>VBS | EKON<br>GEO<br>VBS | EKON<br>DRAMA |
| **Dinsdag 12 Maart** | WISK - Taak | AFR - V2 | TRSM | DRAMA<br>TRSM | FW<br>TRSM |
| **Woensdag 13 Maart** | LO | TEGN | WISK<br>WWWG | KUNS<br>MUSIEK | RTT |
| **Donderdag 14 Maart** | WISK | WISK - Taak | REK<br>DRAMA | REK | BEST<br>MUSIEK |
| **Vrydag 15 Maart** | REM | REM | ENG | WISK<br>WWWG | GEO<br>KUNS |
| **Maandag 18 Maart** | EBW | WISK | FW<br>KUNS | FW | REK |
| **Dinsdag 19 Maart** | SW | ENG | LW | LW | WISK<br>WWWG |
| **Woensdag 20 Maart** | REM | REM | MUSIEK | LO | DRAMA |

TOETSROOSTER

# BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024

## Aanwysing van
## nuwe Beheerliggaam
## 1 Maart 2024 tot 30 Maart 2024.

*

## Die verkiesing van nege ouers
## as lede van die
## Hoërskool Jim Fouché
## vind plaas op Vrydag,
## 15 Maart 2024.
## (Tyd: 06:30 - 18:30)

# Funky Sox

Die funky sox sal voortaan deur die Klerebank hanteer word.

Die voorraad wat oorgebring is, is op die Klerebank KarriApp collection verkoop.

Die volgende funky sox bestelling sal teen die einde van die maand op KarriApp gelaai word.







UIT DIE KANTOOR VAN

# Sielkundige

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# WATTER MYLPALE MOET MY TIENER BEREIK IN DIE FASE VAN HULLE LEWE?

***Die tienerfase kan soms 'n riller wees omdat dit soveel fasette en ontwikkeling het. Dit is 'n fase van groei vir u kind, wat gepaardgaan met sekere aanpassing en vaardighede wat bemeester moet word. Kom ons kyk na die tipe taak wat 'n tiener moet behartig in die fase.***

1. ***Kognitief***

*In hierdie ontwikkelingsarea moet tieners leer redeneer. In die fase kan tieners abstrak begin dink en kan wonder oor wat is of wat kon wees. Hulle kan ook met maniere vorendag kom om hipotetiese situasies te hanteer. Tiener kan doelwitte stel vir tokoems en die gevolge verstaan van gebeurtenisse (gevolge vir nou en later). Tieners is ook op 'n plek waar hul weet wat reg en verkeerd is en kan daarvolgens optree. Hul moet ook leer om inligting te soek, te vergelyk en dit te kan integreer.*

2. ***Sosiaal en emosioneel***

*14 jaar*

*In hierdie fase moet 'n tiener persoonlike sterktes en uitdagings in hulleself kan identifiseer. Hulle wil verskriklik graag onafhanklik wees en aanvaar word deur ander. Dit normaal as jou tiener meer selfgesentreerd, en impulsief is, meer emosionele skommelinge ervaar. Ondersteun hulle in die tyd en help hulle met emosionele regulasie deur 'n voorbeeld te wees.*

*15 jaar*

*Tydens hierdie ouderom wil tieners nie altyd baie gesels nie en argumente ontstaan maklik. Hulle verkies om tyd te spandeer by 'n vriend of sibbe. Dit is ook normaal as hulle vriendekring kleiner word en daar meer aandag aan romantiese verhoudings gegee word. Hierdie ouerdomsgroep moet hulle eie emosies kan analiseer en probeer uitvind waar die emosies vandaan kom.*



1. Kognitief
2. Sosiaal & emosioneel
3. Finansieel
4. Vaardighede in die kombui
5. Styl
6. *Higiëne*
7. *Sosiale vaardighede*
8. *Organisasie*

## Mylpale



*16 – 18 jaar*
*Teen hierdie tyd van 'n tiener se ontwikkeling besef hul (soms) dat hul ouers ook mense is met foute. Hulle identiteitsontwikkeling vorder goed en hulle besef wat hul bydrae tot die samelewing is en kan wees. Hulle spandeer steeds die meeste van hulle tyd saam met vriende maar moet maklik kan praat oor emosies en konflik suksesvol kan oplos.*

3. ***Finansieel***

*Jou kind moet ook leer om alledaagse syfervaardighede te gebruik soos om 'n fooitjie vir 'n kelner uit te werk.*
*Tieners moet leer hoe om 'n begroting op te stel en dit te verstaan, want dit is 'n vaardigheid wat lewenslank nodig is. Om met geld te werk is deel van 'n funksionerende volwasse en is dus baie belangrik. Dink daaraan om vir jou tiener 'n bankrekening oop te maak indien u nie al het nie.*

4. ***Vaardighede in die kombuis***

*Kosmaak gaan vir ewig belangrik wees – dit is dus 'n noodsaaklikheid. Dus is dit belangrik dat jou tiener weet watter toerusting in die kombuis doen, watter bestandele nodig is om 'n resep te maak en hoe items gestoor moet word.*

5. ***Styl***

*Hierdie afdeling gaan glad nie oor modegiere of persoonlike styl nie, maar meer om te leer wat is die gepaste uitrusting vir die gepaste geleentheid. Saam met dit moet 'n tiener leer om wasgoed te was, te stryk en die wasgoed weg te pak.*

6. ***Higiëne***

*Hierdie vaardigheid word ontwikkel van kleintyd af, maar tieners het soms motivering nodig om vooruit te dink (spuitgoed na pouse in die tas is baie belangrik). In hierdie fase moet 'n tiener leer om dit onafhanklik te doen en ook om hul omgewing skoon te hou.*

7. ***Sosiale vaardighede***

*Meeste tieners is van natuur sosiale diere, maar soms kort hul nog ontwikkeling in die area. Dit is belangrik dat jou kind leer om sosiaal te verkeer en ander met respek te behandel, om maniere te hê en te leer hoe om vriendskappe te onderhou. 'n Tiener moet leer hoe om konflik gesond te hanteer en te aanvaar dat ander soms van my mag verskil (ek is toe nie die middelpunt van almal se bestaan nie).*

8. ***Organisasie***

*Ons almal weet, of ken iemand, wat altyd laat is, gewoonlik omdat hulle 'n sleutel of beursie soek. Hierdie is 'n ontwikkelingstaak wat u tiener moet bemeester om suksesvol te wees as volwasse (om nie laat vir werk te wees nie, ens). Die goue reël van 'n plek vir alles en alles in die plek, geld hier. Ondersteun jou kind met die toepassing daarvan.*
*Dus kan ons sien dat tieners in 'n fase met baie groei en ontwikkeling is. Hulle moet leer rendeneer en probleemoplossing toepas. Teen die einde van hulle skoolloopbaan by ons moet hulle hier uitloop met selfvertroue en vaardighede om die volwasse lewe te hanteer.*




JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

# Waarde

Week se stukkies





Lojaliteit is een van ons skool se waardes wat nie net by die skool gekweek word nie, maar ook by die huis. Hoe ons van die skool, personeel en leerders praat, affekteer ons lojaliteit teenoor die skool. Hoe ons van familie, vriende en ander mense praat, affekteer ons lojaliteit teenoor hulle.

Ons besef egter dat lojaliteit in verskillende vorme geskied, maar kom ons begin om eers te sê wat lojaliteit is, volgens die internet.

Lojaliteit is iets wat in die bewussyn ontwikkel en wat impliseer dat 'n mens 'n verbintenis nakom, selfs in die lig van veranderende of ongunstige omstandighede. Dit beteken dat jy deur dik en dun iemand getrou bystaan en ondersteun, selfs al stem jy nie noodwendig saam met hulle standpunt nie.

Lojaliteit is ook 'n blywende toewyding aan gevoelens, idees of verpligtinge wat jy aanvaar het. Dit is soos die liefdevolle trouheid van 'n viervoetige vriend wat altyd aan jou sy is of haar lojaliteit toon, ongeag die omstandighede

Daar is egter 'n belangrike verskil tussen lojaliteit en blinde gehoorsaamheid:

## Lojaliteit:

- Lojaliteit verwys na 'n dieper, emosionele verbintenis of toewyding aan 'n persoon, 'n beginsel, 'n organisasie of 'n saak.
- Dit gaan oor getrouheid, eerlikheid en ondersteuning, selfs wanneer daar uitdagings of konflikte is.
- Lojaliteit is 'n aktiewe keuse wat gebaseer is op 'n sterk oortuiging of 'n gevoel van verantwoordelikheid.
- Dit kan 'n positiewe eienskap wees, maar dit kan ook negatief wees as dit blindelings aan iets of iemand toegewy word sonder kritiese denke.

## Blinde gehoorsaamheid:

- Blinde gehoorsaamheid verwys na die onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan 'n bevel, gesag of instruksie sonder om vrae te vra of krities te dink.
- Dit is 'n passiewe gehoorsaamheid, waar 'n persoon nie self oordeel oor die reg of verkeerd van 'n situasie nie.
- Blinde gehoorsaamheid kan gevaarlik wees, veral as dit lei tot onetiese of skadelike optrede.
- Dit word dikwels geassosieer met militêre of outoritêre strukture waarin individuele oordeel en vryheid beperk word.

*Lojaliteit is ook 'n blywende toewyding aan gevoelens, idees of verpligtinge wat jy aanvaar het.*

Lojaliteit is 'n bewuste keuse wat gebaseer is op oortuiging, terwyl blinde gehoorsaamheid 'n onkritiese volg van instruksies is sonder om self te dink.

Lojaliteit en kritiese denke is beide belangrike eienskappe, en die sleutel is om 'n gesonde balans tussen die twee te vind.



LOJALITEIT

Hier is 'n paar riglyne wat jou kan help:

1. Verstaan die verskil:
→ Lojaliteit behels getrouheid en ondersteuning, terwyl kritiese denke die vermoë is om objektief te dink, vrae te vra, en alternatiewe perspektiewe te oorweeg.
→ Erken dat beide nodig is, maar nie altyd in gelyke mate nie.
2. Wees bewus van konteks:
→ Lojaliteit kan verskil afhangende van die situasie. Dit kan aan 'n persoon, 'n organisasie, 'n beginsel, of 'n saak gerig wees.
→ Kritiese denke is noodsaaklik om te bepaal wanneer om lojaal te wees en wanneer om vrae te vra.
3. Ondersoek jou oortuigings:
→ Vra jouself af waarom jy lojaal is aan 'n spesifieke persoon of saak. Is dit gebaseer op oortuigings, emosies, of bloot gewoonte?
→ Ondersoek jou oortuigings krities en wees bereid om te verander as jy nuwe inligting bekom.
4. Vra Vrae:
→ Moenie blinde gehoorsaamheid uitoefen nie. Vra vrae, soek inligting, en oorweeg alternatiewe.
→ Dit is nie ontrou aan 'n saak om vrae te vra nie; dit is 'n teken van aktiewe denke.
5. Weeg die voordele en nadele:
→ Lojaliteit kan positiewe gevolge hê, maar dit kan ook negatiewe gevolge hê as dit blindelings is.
→ Kritiese denke help jou om die voor- en nadele van jou lojaliteit te oorweeg.
6. Bepaal jou prioriteite:
→ Besluit wanneer om lojaal te wees en wanneer om krities te dink. Dit hang af van die situasie en jou persoonlike waardes.
7. Leer van ander mense:
→ Kyk na mense wat 'n gesonde balans tussen lojaliteit en kritiese denke handhaaf. Leer uit hul voorbeeld.



Week se stukkies

Onthou dat daar nie 'n vaste formule is nie, maar deur bewustelik hierdie eienskappe te ontwikkel en te balanseer, kan jy 'n beter besluitnemer en ondersteuner wees.

Lewe met omgee is 'n waardevolle beginsel wat ons

So nou verstaan ek wat lojaliteit is en hoe om onderskeid te tref, maar hoe pas ek dit toe?

Hier is 'n paar maniere waarop jy jou lojaliteit kan toon:



**1. Wees betroubaar:**
Kom jou beloftes na en wees daar wanneer dit saak maak. Betroubaarheid is 'n kernaspek van lojaliteit.
**2. Wees ondersteunend:**
Luister na die persoon se uitdagings en vreugdes. Bied morele ondersteuning en moedig hulle aan.
**3. Wees eerlik en opreg:**
Kommunikeer eerlik en opreg. Wees bereid om jou opinies te deel, maar respekteer ook die ander persoon se siening.
**4. Beskerm hulle belange:**
Lojaliteit beteken dat jy die persoon se belange beskerm, selfs as dit ongemaklik is.
**5. Staan saam in moeilike tye:**
Wees daar wanneer die persoon deur 'n moeilike tyd gaan. Dit is 'n geleentheid om jou lojaliteit te toon.
**6. Verdedig hulle:**
As iemand negatief oor die persoon praat, wees bereid om hulle te verdedig.
**7. Bly getrou aan waardes en beginsels:**
Lojaliteit is nie net aan individue nie, maar ook aan beginsels en waardes. Bly getrou aan dit wat jy glo.

Onthou dat lojaliteit 'n aktiewe keuse is wat voortdurende aandag en toewyding vereis.




Maar nou weet
ons dat
'n nuwe lewe
by God
op ons wag
ook al kan
ons dit nog
nie sien nie.
Daarom wag
geduldig
totdat dit
aanbreek.
Rom: 8:25
Maś wat ongee

# INDIVIDUELE FOTO'S

# FOTOPAKKETTE



Dit is weer tyd vir die individuele foto's. Die hele skool se leerders word afgeneem met die oog op die jaarblad en prysuitdeling.

**Dié fotopakkette kan u teen R60 bestel word.**

LET WEL:

**Bestellings vind STRENG via Karri plaas.**

GEEN EFT's, GEEN KONTANT EN GEEN KAARTBETALINGS sal aanv word nie.

Ons gaan u 'n hele maand gee om te bestel, wat u meer as genoeg tyd gee om die Karri-app te bemeester. Ons vra u samewerking in dié verband. Ons het verlede jaar oor die 800 bestellings gehad, daarom vra ons dat u net op Karri bestel.

## FOTOBESTELLINGS SLUIT: 10 MAART 2024 – GEEN LAAT BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE

Die foto's word geneem in formele somersdrag en die leerders moet die betrokke oggend reeds om **6:30** op die teerblad aantree.

- **26 FEBRUARIE 2024 – GRAAD 8**
- **27 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 12**
- **28 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 11**
- **29 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 10**
- **1 MAART 2024 - GRAAD 9**

**R60**

karri





# Sport

## JF-SKAAK





HJ de Villiers het Saterdag aan die *Frances Baard Schools Chess Open* in Kimberley deelgeneem.

Hy wen 'n goue medalje in die o/15-kategorie.

#TROTSJF

**10 FEBRUARIE 2024**
Gregory Gibbens kry eerste plek in die Motheo Metro Mangaung Suid-Vrystaat Liga.

**16 FEBRUARIE 2024**
By die Bloem skole Liga wen die o/17-span eerste plek, spelers was Garran Grace, HJ de Villiers, Wihan Coertzen en Gregory Gibbens.
Bord wenners vir o/17 was:
Bord 2: HJ de Villiers
Bord 4: Gregory Gibbens







Baie geluk

## Karate

### KARATE : KUMITE

Ignus Ferreira en Nicky Huisamen is karatekas wat in die Vrystaatspan ingesluit is na afloop van proewe wat op 10 Februarie 2024 gehou is.





## Perdry

#trotsJF

### SANESA: VRYSTAAT KWALIFISEERDER 1 RESULTATE

Marli Louw het op 10 en 11 Februarie 2024 by die Bloemfontein perdry-sentrum aan die eerste Vrystaat kwalifiserende rondte deelgeneem.

Sy neem aan vyf dissiplines deel en behaal eerste plekke in al vyf.

Baie geluk!



## Dans

**Joss-Leigh Richards** het deelgeneem aan die *National Young Performers Awards preliminary first round* en vorder na die volgende rondte.

Sy het aan 6 solo's deelgeneem en sy verower 4 silwer toekennings en 2 diploma-toekennings.



## Rolbal

Die volgende leerders is gekies om **Suid-Vrystaat Rolbal** by die Junior Nasionale Kompetisie te verteenwoordig wat vanaf 22-24 Maart 2024 gehou word.



Christiaan Botha



Xander Nikolov



JJ Strydom



Karli Botha

# Kultuur


!!KOMBERS!!
!!PROJEK!!
Kwaggas
Landsdiens klub
help ons om komberse in te samel om boere te help
YOU ARE MY FIRST AND LAST.
YOU ARE MY FIRST AND LAST.
klub wat meeste komberse insamel, kry n kontant prys wat aan boere in nood, geskenk sal word indien ons wen
kontak vir Wiehan du Plessis
vir meer inligting by 063 787 4531
Kwaggas Landsdiens




# ATLETIEK Sentraal top 20 atletiek uitslae:

**Jim Fouché het 4de meeste medaljes verower van al die skole en eindig algeheel 5de. Ongelooflik trots op ons atlete!!!**

8 Goud

7 Silwer

#trotsJF

1 Brons

## Dogters 17:

**1ste plek - Hanel Browne. Verspring. 5.16m**
**1ste plek - Amoné Verwey. 200m. 00:26.13**
2de plek - Danell Oelofse. 1500 m. 04:59.55
2de plek - Mia Aucamp. 200 m. 00:27.21
2de plek - Hanel Browne. Driesprong. 10.65 m
2de plek - Johaney du Toit. Hamergooi. 47.16 m
[redacted]

## Dogters 15:

**1ste plek - Dané Neethling. 400 m. 00:62.63**
REKORD **1ste plek - Neldri du Toit. Hamergooi. 42.38m**
4de plek - Dané Neethling. 200 m. 00:27.50
6de plek - Maruné Dreyer. 90 m Hekkies. 00:15.26

## Dogters 19:

6de plek - Roechelle van der Merwe. Gewigstoot. 9.68 m
8ste plek - Roechelle van der Merwe. Diskus. [redacted]

## Seuns 15:

**1ste plek - Ruan Kruger. Gewigstoot. 13.97 m**
3de plek - Ruan Kruger. Hamergooi. 44.98 m
5de plek - Jayden Barlow. 400 m. 00:56.20

## Seuns 17:

**1 ste plek - Joshua Oosthuizen. 200 m. 00:21.68**
**1ste plek - Danyon Melaat. Verspring. 6.63 m**
**1ste plek - Danyon Melaat. Driesprong. 14.32 m**
2de plek - Joshua Oosthuizen. 100 m. 00:10.76
2de plek - Conrad van der Zwaard. Gewigstoot. 14.81 m
7de plek - Conrad van der Zwaard. Diskus. 40.42 m
7de plek - Tiaan Buys. Hamergooi. 39.30 m
8ste plek - Tiaan Buys. Gewigstoot. 12.84 m



# Eerste Krieketspan



**BESTE BOULERS**

LIAN THERON 5 VIR 20
COBUS WILKEN 2 VIR 16

**BESTE KOLWERS**

ARNAUD MARAIS 31
HENKO VENTER 19

DIE EERSTE KRIEKETSPAN HET IN 'N SPANNENDE WEDSTRYD, NAELSKRAAP MET 2 PAALTJIES TEEN HOËRSKOOL GOUDVELD VERLOOR.



# Sterkte aan die Swemspan met die Gala

#TROTSJFSWEM

#TROTSJF

# Hokkie



JF se o/18-hokkiespanne het Saterdag, 17 Februarie by Kovsies vier voorseisoenwedstryde elk gespeel. Na afloop van hierdie wedstryde word spelers aangewys om in die laaste wedstryd van die dag teen Kovsie-hokkiespanne te speel.
Spelers gekies vir die bogenoemde spanne:

Dogters

Janien van Eeden
Minke Labuschagne

Seuns
Juanco Botha
Logan Mthini
Kea Phala
Connor van Wyk
Eben Sander
Gurshwin Matebesi

#TROTSJFHOKKIE





## PRESIDENT STEYN SPORTDAG

| | | |
|---|---|---|
| 0/17 A<br>BAAN A | 11:45<br>HTS 0/19A | 14:45<br>Wessel Maree 0/19A |
| 0/16 C<br>BAAN B | 10:05<br>Eunice 0/16C | 13:25<br>Hoopstad 0/16A |
| 0/15 C<br>BAAN C | 09:15<br>LHP 0/15A | 13:25<br>Ladybrand 0/15A |
| 0/14 C<br>BAAN D | 14:40<br>HTS 0/14A | 15:55<br>Curro 0/14C |

## JF-HOKKIE VOORSEISOENWEDSTRYDE

O/18-UITSLAE

| SEUNS O/18 | |
|---|---|
| 4 - 0 | JF vs Sentraal |
| 3 - 0 | JF vs Witteberg |
| 3 - 0 | JF vs Trio |
| 0 - 1 | JF vs Saints |

| DOGTERS O/18 | |
|---|---|
| 1 - 2 | JF vs TRIO |
| 1 - 2 | JF vs Sentraal |
| 0 - 1 | JF vs OMS B |
| 1 - 2 | JF vs SMS |



Gurshwin Matebesi (links) en Eben Sander (regs) word onderskeidelik 2 en 1 keer as speler van die wedstryd deur Kovsies aangewys.

KovsieSport hockey

Rugby

RUGBY

# GREENMACHINE

vs

## WELKOM GIMNASIUM

vs

Pres. Steyn A-veld
15:00pm
24/02/2024



1 SW vd Merwe
2 Ian Nel (VC)
3 Darren Matthews
4 Brendan Weyers
5 Franco Oberholzer
6 Nathan van Breda
7 JW Stone
8 Qian Moller
9 Duard Bester
10 Alldrick Johnson
11 IJ Jonker (C)
12 Heinrich Hattingh
13 Bendré Vermaak
14 Hanro Marais
15 Christian Strydom

KONICA MINOLTA

#TROTSJFRUGBY

#TROTSJF

# Rugby




PRES. STEYN SPORTDAG

## BEPALINGS

### JIM FOUCHÉ VS WELKOM GIMNASIUM

SATERDAG 24 FEB 2024

**07:45 PRES STEYN B-VELD**
JF O/14A VS WELKOM GIM O/14A

**13:15 PRES STEYN B-VELD**
JF O/15A VS WELKOM GIM O/15A

**12:40 PRES STEYN C-VELD**
JF O/16A VS WELKOM GIM O/16A

**15:05 PRES STEYN A-VELD**
GREENMACHINE VS WELKOM GIM O/19A

KONICA MINOLTA #jfrugby #greenmachine KONICA MINOLTA

**09:00 JF A-VELD**
JF O/19B VS WELKOM GIM O/19B

**10:15 JF A-VELD**
JF O/19C VS WELKOM GIM O/19C

#TROTSJFRUGBY

#TROTSJF

JF Oester
Die storie agter die stories
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Wenner

# Dinamies en oulik – dis juffrou Merice





Wihan Coertzen

’n Skool kan nie funksioneer sonder ’n goeie administratiewe kantoor nie. Daardie tannie wat voor pouses afkondig, die onderwysers herinner om afwesighede te doen, al jou toetse druk en wat jou sluitkassie aan jou verkoop. Die admin-span is ongetwyfeld enige skool se geheime dryfkrag.

**Ons verwelkom hierdie jaar hartlik vir mevrou Merice Erasmus by JF se admin-span.** Sy gaan in die afrolkamer werk, en ook met SA-SAMS en D6 help. En volgens haar deel sy ook baie gereeld skeermesse uit!

Mevrou Merice kom oorspronklik van Bloemfontein, maar het agt jaar gelede na Hazyview in Mpumalanga getrek, net so ’n paar kilometer suid van die Kruger-wildtuin. Daar was sy ’n skoolhoof en die eienaar van vyf kleuterskole en ’n laerskool.

Hulle het ná agt jaar in Hazyview besluit om terug te trek Bloemfontein toe, en vandag is sy deel van die JF-familie. Sy is ’n dogtertjie-mamma, en het drie dogters.

Juffrou Merice se lewensmotto is om altyd jouself te wees, want ’n “original” is meer werd as ’n afdruk. Wanneer sy op ’n verlate eiland gestrand sou wees, sou sy tevrede wees as sy maar net ’n flitslig gehad het.

Haar werk is verseker nie maklik nie en dit is nie moeilik om te glo nie – sy hanteer elke dag meer as ’n duisend leerders se afrolwerk!

“Dis ‘n uitdaging om alles vir almal betyds te kry, en om seker te maak alles is reg,” het mevrou Erasmus gesê.

***’n Paar kitsfeite oor mevrou Merice:***

*Gunstelingkleur: Pienk.*

*Gunstelingdis: Pizza.*

*Gunstelingvak op skool: “Afrikaans, omdat ek ’n baie oulike juffrou gehad het.”*

*Gunstelingseisoen: Lente.*

Ná my onderhoud het ek besef watter belangrike rol personeellede soos mevrou Merice in ons skool speel. ***Sy is oulik, vrolik en gaan vinnig haar voete by JF vind.***

# JF Oester

Die storie agter die stories

Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Wenner




# Graad 12 VBS Bedien personeel met heerlike koeke

https://jfoester.co.za/